



Breek af om op te bou

Verlede week het ons so 'n bietjie gesels oor die snelveranderende wêreld waarin ons leef en wat met 'n onverbiddele opdrag tot ons kom: Pas aan, of sterf.

Veranderende lewensomstandighede, soos siekte, rampe, lewensverlies van 'n dierbare, 'n dreigende bankrotskap en soveel ander dinge, kan onverwags op jou toeslaan. Dan moet jy 'n antwoord vind wat weer hoop kan bring waar hopenloosheid jou in die gesig staar.

Koning Dawid het ook sulke oomblikke ondervind. Hy roep moedeloos uit: "As die fundamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?" (Ps. 11:3). Sy vriende en raadgevers moedig hom aan om die berge in te vlug, soos 'n

'God regeer; Hy is in beheer. Sy oë is oop.'

voël (vers 2), maar Dawid sien dit nie as 'n oplossing nie. Hy wil die probleem in die oë kyk en iets daaraan doen. Nie wegvlug nie, maar toevlug vind in die Here. Hy bemoeidig homself met die wete dat die Here in Sy tempel sit op 'n troon wat reik tot in die hemel. Eenvoudig gestel: "God regeer; Hy is in beheer. Sy oë is oop, Sy oë keur die mensekinders" (vers 4).

Ja, dit is so dat verandering 'n nuwe lewenstyl van jou kan verg, waar jy die gebruike moet agterlaat. Gebruike wat vir jou sentimentele waarde gehad het.

Ek onthou die dag soos gister. Ek was nog pure kind toe Oom John, die veehandelaar, my pa se vier spanne muile kom koop het – sommer so in een transaksie. Hulle was nie meer nodig nie. Trekkers het hul plek ingeneem.

Pa het in 'n sagte stem gevra: "John, waar gaan jy met my diere?" Die oom het weggekyk en geantwoord: "Ek wil liever nie hê om moet weet nie." Pa het nie verder gevra nie, maar ek kon aan sy oë sien – hy het geweet.

Ja, so is die lewe – soms nuutskepend en soms genadeloos afbrekend. Pas aan of sterf. Maar hou altyd vas aan die wete: "Die Here is in Sy heilige tempel! Die Here is op sy troon in die hemel! Sy oë is oop."

Wat is die belangrikste les wat hy jou geleer het?

Hoe om jou glo voor jou bang te laat staan. Glo het nie baie te doen met geloof nie; geloof doen jy op 'n rusbank, maar glo is 'n werkwoord.

Die lang man sonder skaduwee fokus sterk op die krag van stories. As dramastudent en sangeres wat landwyd opgetree het, het jy ook maar eintlik stories vertel. Waarom is stories vir jou so belangrik?

As ek vir jou my storie vertel, word jy 'n getuie van my storie en dit maak ook 'n storie in jou los. Deur daardie storie oor en oor te vertel, genees daai wond. Niemand sê dit beter as Leonard Cohen nie: *There is a crack in everything. That's how the light gets in.* As ek jou my krake wys, gaan jy die hasepad kies, maar as ek jou eers my storie vertel en dan my krake wys, gaan jy, as ek dit beskore is, ook vir my so 'n storie vertel en dan is ons op 'n genesingspad. Só kry ons vitamene en minerale.

Ons is 'n land van stories vertel. Hier is 'n



groot deel van ons land wat nie kan lees of skryf nie, maar hulle leef van stories. In 1989 het ek saam met 'n Marimba-band gesing en ons moes uit noodweer vir agt maande in Gugulethu gaan woon, want ons is oral anders uitgegooi. Daar het ek ure lank saam met die swart mense in die agterplaas gesit en stories vertel, oor hoe ons die platteland mis en ont-heem voel in die stad. Dit het soos suurdeeg deur Gugulethu gewerk. As ons aanklank vind by mekaar, kan ons mekaar hoor weerklank.

Hoekom moes oom Johannes jou aanpor om meer te lag?

Daar is 'n goedvoel-ding wat net vrygestel word as ons lag. Lag kom uit jou swaar uit, en jou swaar kan nie verteer word as jy nie daaroor lag nie. Ons hele lewe lank jaag ons *happiness* na, maar ons vergeet van *joy*, wat vir my meer onmiddellik is. Daai goedvoel-ding moet vrygestel word sodat ons wonde kan genees.

Watter kruie hou jy altyd byderhand, en waarvoor het dit nut?

Dasbos en klipkruie. Hulle twee hou die balans in die liggaam en herstel die trauma op sellulêre vlak. Elke sel het 'n geheue en trauma maak sulke diep dongas daarin. Ek het nierskade opgedoen ná my malaria. Dasbos en klipkruie het weer my voete stewig op die aarde gesit. Ons drink ook omtrent elke dag kankerbossie en karmedip.

Hoewel kruiedoepas genesende eienskappe openbaar, is daar nog min navorsing oor gedoen. Frustreer dit jou?

Nee. Hierdie kennis is deur mondelinge tradisie oorgedra deur die eeue, en dis juis waar die krag daarvan lê. Kruie se waarde moet soos in die oertyd *by word of mouth* deur die land versprei, soos die Engelsman sê.

Die droogte het Theefontein ook geslaan en jou geliefde bossies het begin kwyn en vee het gevrek. Hoe veg 'n mens teen moedeloos-word en wanhopigheid?

Jy moet jou glo voor jou wanhoop sit. As jy kleingelowig raak, gaan jy die stryd verloor. As ons in die veld stap, sê oom Johannes altyd: "Groei soos die bossie, Juffrou." Die bossie wat nou bo dood lyk, groei net in sy wortels. Daarom moet jy die plek in jouself gaan soek waar jy net in jou wortels groei. Ons het ook die vermoë verloor om die knie te buig, omdat ons als kan doen met die *computer*. Ons moet ons verootmoedig en nie ophou pleit vir reën nie. Jy moet elke dag opstaan en dankie sê vir die bloudak se baas vir die reën wat op pad is. **LBW**